Oudtshoorn

Die Suid Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer het meer as R3m van die Nasionale Lotery – Verspreidingstrustfonds (NLDTF) ontvang vir die vestiging van ‘n Biodiversiteitseenheid, wat kan omsien na die balans tussen benutting en bewaring van die natuurlike omgewing in die bio-diversiteitsryke Klein Karoo.

“ Die R3.1m wat oor ‘n tydperk van drie jaar vanaf die NLDTF ontvang is, maak dit moontlik dat die oorspronklike projek wat in 2007 geloods is met fondse wat vanaf die VSA ontvang was, nou kan voortgaan” het Anita Wheeler, projek koordineerder gesê. “Die uitdagings is veral om die grond-en plantegroei wat uitgetrap is deur broeivolstruise in krities bedreigde gebiede te rehabiliteer en/of volhoubare veldbestuur metodes toe te pas of voor te stel aan grondeienaars.”

“Met verloop van tyd het groot stukke veld so agteruitgegaan dat die biodiversiteit van die natuurlike veld nou ernstig bedreig word.”

Soos in enige veebedryf, kom oorbeweiding ook in die volstruisbedryf voor. “Boere sê dit is in die huidige ekonomiese klimaat (droogte, sterk ZAR) nie ekonomies haalbaar om minder volstruise op hul grond aan te hou nie.”

Die projek bevorder boerdery metodes wat beide ekonomies en ekologies volhoubaar is.

‘n Voorbeeld van ‘n volhoubare boerdery metode is die kleinkampiestelsel. Een mannetjie en twee wyfies word tydens die broeiseisoen vir ‘n periode van agt maande in kampies van ‘n kwart hektaar aangehou. Die res van die jaar word die mannetjies en wyfies apart in voerkampe geplaas om te rus tot die volgende broeiseisoen.

“Die voordeel van die kleinkampiestelsel is om beter monitoring van die wyfies se broeisukses toe te pas, identifisering van uitstaande broei mannetjies en effektiewe voeding. “Dit maak nie sin om volstruise aan te hou en nie bewus te wees van onproduktiewe mannetjies of wyfies nie.”

“Dit is ‘n langtermyn belegging om ‘n balans tussen bewaring en benutting te skep wat sal verseker dat die Klein-Karoo nie sy unieke karakter verloor nie en dat dit behoue sal bly vir ons nageslag.”

Die NLDTF befondsing sal onder meer gebruik word om ‘n eenheid te vestig wat alle vrae oor biodiversiteit in die bedryf te beantwoord en veral te fokus op die bewusmaking van die sensitiwiteit van ons gebied en volhoubaarheid van volstruisboerdery. “Die belangrikste is om boere se opvatting oor bewaring naas benutting ‘n prioriteit te maak.”